TOTSIENS AAN GISTER

TOTSIENS AAN GISTER

EDNA CANE

CruGuru

TOTSIENS AAN GISTER

Kopiereg © 2011 Edna Swannepoel

ISBN: 978-1-920414-60-3

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier of in enige vorm gereproduseer, weergegee, gestoor of oorgesend word sonder skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

Alle aanhalings uit die Skrif in hierdie publikasie kom uit die Bybel in Afrikaans © 1983 Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming.

Erkenning aan Wayne Cochran © 1961 vir aanhaling uit *Last Kiss*

Erkenning aan Robbie Wessels © 2006 vir aanhaling uit *Halley Se Komeet*

Uitgegee deur CruGuru in 2011

www.cruguru.net

Johannesburg, Suid-Afrika

Here,baie dankie vir al my blessings *in my lewe, dankie dat ek tot U wil kan lewe, dat ek bevooreg is om U te kan ken, dat U liefde my vervul! Dat ek kan weet dat U* the One and Only *is! Here,ek dank u vir my* stunning *familie, my gesin: Ma, Pa, Annelize.*
En dan vir Swannie, Here,dankie dat U hom op my pad gestuur het!! Dankie Here, vir U volledige genade, dat U bloed my gered het! Dankie,dat ek vir die wêreld kan vertel hoe awesome *ons God is!*
Amen.

Hierdie boek dra ek op aan my man, Albertus Swannepoel.
Baby, dankie vir jou geduld, liefde, verdraagsaamheid!
Ek is ongelooflik lief vir jou!!
Dankie vir alles, en dankie dat ek kan weet jy is lief vir my!

Baie dankie ook aan die volgende mense: Henry Green, Hansie Smit, Johnny Evangelou, Ma en Pa (Marie en Raymond Cane), Anne Cane, Myrtle van Jaarsveld, Lorraine en Clive Hatch, Brian Sayer - Hickson, Dennis Stack, Vanessa Nel.

Mille, (Mamma liefiekind) rus in vrede!

Oor Edna Cane

Edna Cane het grootgeword in Witbank, Mpumalanga, en na skool het sy in haar ouers se winkeltjie gewerk. Sy het daarna vir vyf jaar in Pretoria gebly en gewerk as kelnerin en toe weer teruggekeer na Witbank waar sy verder as kelnerin werksaam was. Na 'n baie ernstige motorongeluk en 'n jaar se herstelproses het sy vir Albertus (Swannie) Swannepoel ontmoet, met wie sy in Maart 2011 in die huwelik getree het.

Edna kan op haar *Facebook*-blad gekontak word:
www.facebook.com/edna.swannepoel

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1 1
Hoofstuk 2 14
Hoofstuk 3 23
Hoofstuk 4 30
Hoofstuk 5 35
Hoofstuk 6 48
Hoofstuk 7 55
Hoofstuk 8 74
Hoofstuk 9 79
Hoofstuk 10 87
Hoofstuk 11 104
Hoofstuk 12 123
Hoofstuk 13 127
Hoofstuk 14 134
Hoofstuk 15 139

HOOFSTUK 1

"Ag, my *goodness*, dit moet net nie wees nie! Laat dit net nie positief wees nie," dink Zani terwyl sy voor die dokter se spreekkamer sit en wag.

"Mej… ?"

"Calitz," sê sy vinnig terwyl sy opspring en na die vrou toe loop.

"Jou toetsuitslae sal so oor 'n halfuur gereed wees." Sy beduie Zani na 'n koffiemasjien op 'n tafel. "Jy kan maar koffie kry."

"Dankie, maar is daar nie 'n vinniger manier om te kyk nie?" sug sy.

"Nie 'n beplande een?"

"Glad nie!" skreeu Zani amper.

"Wel, kom saam met my…"

Zani stap uit die dokter se spreekkamer. Haar moed sak sommer in haar skoene. Wat gaan sy doen? Hoe kon sy so dom wees? Waar was haar verstand?

Haar woonstelblok is so paar geboue van die hospitaal af. Sy kyk af grond toe terwyl sy woonstel toe loop. Sy vind die hysbakdeure oop, en binne-in staan haar buurvrou.

"Ek het jou gesien aankom, gedink ek wag maar," glimlag die ouerige vroutjie. Haar man was 'n bokser, het sy al soveel keer gespog, maar vandag sukkel hy met sy geheue.

En hy loop kruppel.

"Dit gaan nie vandag goed met Rob nie," praat die ou vrou terwyl die hysbak opgaan na die derde vloer. "Hy kan weer niks onthou nie, moes vanoggend na die …"

"Ag tannie, ek stel regtig nie belang nie!" val Zani haar vinnig in die rede. Sy is al so moeg vir die ou vrou se gekla! Al wat die ding kan doen is kla.

Tannie Beatrice kyk Zani verbaas aan. Dis die eerste keer dat sy só met haar praat.

"Jammer tannie." Sy sit haar hande op die ou vrou se skouer. "Ek is so jammer! Ek het net so paar minute terug bietjie slegte nuus gekry en ek weet nie wat ek gaan doen nie."

Tannie Beatrice hou Zani se hand vas terwyl sy ook haar skouer vashou. "Nee, dis reg kind! Gedink daar is iets fout." Daar is 'n ongemaklike stilte in die hysbak, totdat dit tot stilstand kom. Zani wys vir tannie Beatrice sy kan maar eerste uitstap toe die deure oopgaan.

"Dankie, kind."

Zani knik net. Sy stap die lang gang af na haar woonstel. Sy draai die sleutel in haar voordeur en stap in. Sy loop reguit sitkamer toe, gooi haar handsak op die sitkamertafel, en plof op die rusbank neer. Sy buig haar kop agtertoe en sluit haar oë. Wat gaan sy maak?

"En, het jy toe gegaan? Jy moet die deur sluit my *darling*! Enigiemand kan hier instap."

Sy skrik toe sy 'n man se stem hoor. Sy kyk op in Carlos se oë.

"Ja," antwoord sy kortaf, en voor hy nog iets kan vra, antwoord sy vinnig. "En nee, dis negatief, jy't jou maar net verbeel."

Carlos is nie 'n onredelike mens nie, maar hy hou nie van leuens nie. "Jy weet jy kan nie vir my lieg nie, Zani. Kyk my in die oë en praat die waarheid!"

Zani spring van die bank af op, gooi haar hande in die lug en kyk hom stip aan.

"*Okay, okay*! Ek het gejok! Dis positief!"

Nou is Carlos die een wat geskok is

"Oeps!"

"Oeps? Ek het 'n doodsvonnis gekry, en al wat jy kan sê is 'oeps'?" Zani vererg haar nou vir haar jarelange vriend. Hulle het so vyf jaar gelede ontmoet by 'n braai. Sy het dadelik haar hart op hom verloor. Dadelik! Maar ja, soos liefde nog altyd 'n teleurstelling in haar lewe was, was dit dié keer weer so. Hy het belanggestel in iemand anders, en soos gewoonlik was sy weer die een met die trane. Snaaks genoeg het sy nooit gehuil nie, sy was net hartseer as sy hom sien. Dit altyd goed weggesteek. Sy onthou nog hul eerste soen, hoe hy met sy hande in die lug beduie het, "Hemel my *darling,* jy soen vreeslik lekker!"

Hulle het ongeveer 'n jaar lank gereeld gekuier. Hy het weggetrek om in Pretoria te gaan werk en 'n paar maande daarna eindig sy ook daar op, minwetend dat hy in Pretoria bly. Sy het as 'n kelnerin gewerk en net op

footjies geleef, maar sy het darem goed geld gemaak. Meer as genoeg. Só het hulle een aand mekaar raakgekuier en hulle vriendskap voortgesit.

"Dis nie 'n doodsvonnis nie, jy is net swanger!" hy vryf sy hand oor sy mond. "Ek kan dit in elk geval nie verstaan nie, ons was een aand saam!"

"Een aand is al wat nodig is, Carlos." Sy sug terwyl sy na hom kyk. "Ek is ses weke, dit kan nie joune wees nie."

"Ag dankie tog!" hy gooi sy hande oor sy kop.

"Wat?" Zani kyk hom teleurgesteld aan. "En jy noem jouself 'n vriend?"

"Jammer! Ek het dit nie so bedoel nie. Dis net... ek en Yvonne is regtig besig om reg te kom en ek dink sy begin van my hou, en..."

"Sal jy jou mond hou asseblief?" val sy hom in die rede. "Ek is in 'n penarie!"

"Ja, ja, ek weet. Jammer. Wie se kind is dit dan?"

"Jy sal nie verstaan nie."

Ja-nee! Hy sou nie verstaan nie. Sy dink terug aan die tyd toe Melody by haar gebly het. 'n Engelse dame. Hulle het vinnig beste vriende geword.

"*Just tell him*!" onthou Zani nog haar woorde.

"Ek kan nie Melody! Hy is lief vir iemand anders!"

"Ja, *but* hy was lief vir iemand anders voor hy hiernatoe gekom het, en hy het vinnig...vinnig...ag...*and he quickly fell out of love with her*!" praat sy gemengde taal.

"Jy is reg, ek dink ek gaan!" Sy en Carlos was so paar weke tevore saam en dié naweek is die eerste keer wat hulle alleen gaan wees. Sy gaan hom vertel.

"Jy verstaan nie hoe ek oor haar voel nie! Sy lyk soos die jonger weergawe van Catherine Zeta-Jones! Sy is die mooiste dingetjie!" gaan Carlos aan en aan oor Yvonne, toe hy en Zani met 'n glasie wyn in die hand by sy huis is. "Jy wou my iets vertel?"

Zani snak na haar asem. Hoe kon sy nou? Ná alles wat hy van Yvonne gesê het? Hoe kon sy nou?

"Weet jy, ek kan nie meer so lekker onthou nie..." vertel sy gou 'n wit leuntjie. Sy gaan haarself nie so verneder nie!

"*I think I'm going to visit my parents this weekend*," vertel sy aan Melody. "*Yvonne is too precious to him, I couldn't bring myself to do it. I just couldn't. You should have seen him Mel*!"

"*I'm sorry my angel, I am so sorry*!"

Ja, en daarna kuier sy by haar ouers, en so 100 kilometer verder gaan sy na haar ou kuierplek, drink weer te veel alkohol en is saam met een van haar vriende huis toe. Dís waar dinge verkeerd gegaan het – die swangerskap.

"Hoe bedoel jy ek sal nie verstaan nie?" onderbreek Carlos haar gedagtes.

"Want hy mag nooit van die kind weet nie."

Sy het intussen van hom af weggeloop en voor die spieël staan en vryf oor haar maag. Sy stoot haar dun magie uit. "Dis hoe ek gaan lyk op vier en twintig weke." Sy lag. "*Imagine* my, 'n ma!"

"Nee, ek *imagine* jóú ma se gesig as jy haar gaan vertel," sê hy streng.

O vrek, sy het nog nie daaraan gedink nie. Wat gaan haar ma en pa sê? O hemel! Sy't 'n week terug negentien geword, met ander woorde, sy was nog agtien toe sy swanger geword het. Sy kan nie nóú vir hulle sê nie, maar sy kan dit ook nie vir ewig wegsteek nie!

"Wat gaan ek doen, Carlos?" vra sy benoud.

"Ek dink ek en jy moet 'n paar drankies gaan drink en dan gesels ons. Ek en Yvonne sou vanaand saam uitgegaan het, maar sy hou van jou, sy sal verstaan dat ek jou moet bystaan. Ek bel haar gou."

"Nee! Jy vertel haar nie dat ek swanger is nie, sy mag nie weet nie," sê Zani, nou baie ernstig.

"Ek moet, ons het belowe daar is niks geheime tussen ons nie."

"Wel, dan los ons die drankies. Ek het nie vanaand lus om my te bekommer oor wat sy van my gaan dink as sy weet nie."

"Ek verstaan."

Zani loop kombuis toe om 'n bottel wyn uit die yskas te gaan haal. "Wil jy wyn hê?" skreeu sy uit die kombuis.

Geen antwoord. Sy vat twee glase en stap terug sitkamer toe. Sy sien Carlos is op sy foon.

"Goed dan, totsiens my mooiste ding."

Dis om van naar te word, dink Zani. So asof iemand 'n houtpen deur haar hart steek, en dan weer uittrek. In en uit…

"Wil jy hê?" sy hou die bottel wyn en die botteloopmaker na hom toe uit. "Toe, maak oop, ek het een nodig." Meer soos een-en-twintig.

"Ek het vir Yvonne gebel, gesê ek is by jou, gesê jy het slegte nuus gekry en ek het jou kom ondersteun. Sy verstaan."

"Jy het haar nie gesê nie?"

"Nee, belowe," sê hy terwyl hy die wyn skink.

"Tegnies gesproke mag ek nie drink nie," lag sy nadat sy 'n sluk gevat het.

"So dan kanselleer ons vanaand?" vra hy te vinnig na Zani se sin.

"Nee, glad nie!" Hy wil seker na vroulief se arms hol! "Nee, ek dink ons gaan sommer na hierdie kroeg hier onder. Hulle is goedkoop, en ek het nie baie geld nie."

"Toemaar, ek sal betaal. Ek sal jou na 'n kroeg toe vat waar ek en Yvonne altyd gaan kuier."

Ure later lê sy op haar bed. Sy kyk na die plafon. Die slaap wil nie kom nie. Sy kan dit nog steeds nie glo nie. Wat gaan sy doen? Wil sy regtig nou hierdie kind in haar lewe hê? Hoe kan een kind 'n ander kind grootmaak? Sy moet slaap en môre sal sy nugter hieroor dink – letterlik en figuurlik.

Sy is amper laat vir die bus wat haar werk toe neem.

"Ja, amper laat! Het jy gisteraand gekuier?" vra Alta, haar maatjie op die bus en 'n kollega.

"Ek en Carlos was gisteraand weer uit," sê sy terwyl sy wegkyk om haar opgepofte ogies weg te steek.

Alta vat met haar vingers aan Zani se ken en draai haar gesig na haar toe. "Hemel vrou! Johno gaan 'n beroerte kry! Kyk hoe lyk jy! Hier is bietjie oogdruppels." Sy hou die botteltjie na haar toe uit wat sy nou net uit haar groot swart handsak gehaal het.

"Dankie." Zani vat die botteltjie en drup 'n paar drupppels in haar oë. Dan vra Alta weer: "Hoe laat het jy by die huis gekom?"

"Ag hemel, vroeg, so tienuur se kant."

"Wat het jy gedrink dat jou oë so lyk?"

"Ek het getel *okay*? Twee glasies wyn, een tequila." Almal weet Zani is nie skaam vir drank nie. Trouens, as sy nie so baie gedrink het nie, het sy al 'n stewige bankbalans gehad! Genoeg om Santorini toe te gaan vir 'n paar maande. "My oë lyk nie so omdat ek baie gedrink het gisteraand nie, eerder omdat ek myself aan die slaap gehuil het!"

Alta voel nou baie sleg. "Jammer, mag ek vra hoekom?"

JA, EK IS SWANGER! skreeu dit in haar binneste, maar sy kan nie vir Alta sê nie, sy sal maar 'n wit leuntjie vertel.

"Carlos is verlief op 'n ander vrou!"

"Ag hemel Zani! Ek is so jammer!" Kyk, die hele wêreld weet ook van haar groot liefde vir Carlos.

"Het hy jou gisteraand vertel?"

Zani is baie ingedagte en skrik amper toe sy Alta se stem hoor. "Nee, lankal al, maar ek het nie gedink dis so ernstig nie. Seker nog net 'n paar formaliteite, dan is hulle amptelik 'n paartjie!"

Die bus stop by hulle gewone stop en hulle moet 'n entjie loop voordat hulle in die winkelsentrum is. Alta is nege jaar ouer as Zani, en sy is al agt jaar 'n kelnerin by die restaurant. Hoe sê sy altyd? "Die geld is regtig goed, dis hoekom ek 'n kelnerin is. Ek kan my nie voorstel om agter 'n lessenaar te sit en dieselfde mense dag in en dag uit te sien nie. Dis 'n lekker werk en ons het 'n fantastiese baas!"

Hulle loop die laaste entjie in stilte, dan onderbreek Alta weer Zani se gedagtes voor hulle by die winkelsentrum instap: "Kyk gou vir my."

Zani draai haar gesig na Alta "Dis nog net 'n bietjie opgeswel, dit sal nou-nou sak. Daardie druppels werk binne vyftien minute, en dit was nou maar net tien minute. Voor ons by die restaurant kom is jy reg." Sy val amper oor 'n klip omdat sy nie oplet waar sy loop nie. "Amper val ek!" lag sy, tot sy amper weer val. Zani staar net na haar. Sy kan nie lag nie, al wil sy. Sy wens sy kon haar vertel. Alta is vir haar soos 'n ouer sussie.

Hulle stop voor die geslote restaurant. "Ag hemel! Iets vertel my Johno het ook gisteraand gekuier." Johno Emthemida is 'n Griek. Hy praat nogal goed Afrikaans, nie getroud nie, ook nie in 'n vaste verhouding nie, maar ongelooflike mooi vriendinne! Modelle en persoonlike afrigters wat hy by sy gimnasium ontmoet. Johno is self nie te sleg op die oog nie, 'n liggaamsbouer. Regtig 'n mooi glimlag, blas vel, al sy hare is afgeskeer en hy het fantastiese oë! Maar nie Zani se smaak nie. Sy hou nie van liggaamsbouers nie, hulle staan haar nie aan nie. Dalk as sy nie so verlief was op Carlos nie, sou sy twee keer gedink het. Sy staan nog so en dink toe Johno se gefluit haar na sy kant toe laat draai. Sjoe, maar hy lyk in 'n goeie bui! Dit gaan tog nie so lang dag wees nie!

"*Morning, my beautiful ladies*!" sê hy toe hy aangetrippel kom. "*How are you this beautiful morning?*"

"*Ooh, someone had a good night last night!*" sê Zani voor sy besef haar mond gaan oop.

"Ja, dankie, en lyk my jy ook! Kyk hoe lyk jou oë!"

Alta kom tot Zani se redding. "Sy het net sleg geslaap."

"Moet jy ook altyd 'n moeder wees vir almal, Alta?" vra Johno. As Alta iets sê, glo almal haar. Sy is immers die oudste. Selfs ouer as Johno.

Sy pa het hom gehelp om die restaurant te koop, te veel geld! Ook 'n aantreklike oompie, lyk soos Robert De Niro.

"Kom, ons moet begin werk!" verander hy die onderwerp

"Ja, Johno! Jy gee *orders* en ons moet werk!" sê Zani vies.

"Wel, eendag wanneer jy jou eie plek het, kan jy ook net *orders* gee," sê Johno speels kwaai.

"*Heila rê!*" Skreeu Johno om Zani se aandag te trek.

Zani draai vinnig om waar sy by die toonbank staan terwyl sy wag vir haar tafel se koffie. "*I'm not one of your sluts! Don't treat me like them*!" sê sy vies.

"*What? Just because they are beautiful single women doesn't mean they are sluts!*"

"*Sorry*, Johno."

"Wat gaan aan met jou vandag, Zani?" vra Johno terwyl hy opstaan van die tafel waar hy gesit het. Tafel ses en dertig. Hy sit net by daardie tafel.

"Wat is jou probleem, Zani?" hy kom na haar toe geloop.

"Dis Carlos," lieg sy weer.

"Wanneer gaan jy leer dat daardie man nie goed is vir jou nie?"

"Los dit Johno!" Sy draai om en loop na haar tafel toe. "Nog twee koffies asseblief," sê die klant.

Sy loop na die kroegman toe. "Ally Masemola!" noem sy hom altyd. "Zani Calitz," antwoord hy terug. Hulle spreek mekaar altyd so aan.

"*Two coffees*, Ally."

Hy is besig om die koffie te skink toe Johno langs haar kom staan. Hy lê op sy elmboog op die kroegtoonbank en staar haar aan. Sy is baie ingedagte, en toe sy omdraai en hom sien, skrik sy, want sy gesig is amper teenaan hare.

"Ja, *mama, your mind is not here, I've noticed it long ago*!" praat Ally toe hy sien hoe Johno lag, en Johno sê: "*In love with a guy you can't get? How stupid, rê!"*

"Johno!" stamp Zani hom weg om terug te kom by haar tafel.

"*When you're done, I want to talk to you!*" roep hy agterna.

"Wat het arme Carlos nou weer gesondig?" vra hy toe sy by hom in die kantoor kom sit. "Jy het nie meer tafels nie?" verander hy vinnig die onderwerp.

"Nee, my tafels het almal klaar betaal. Johno, ek het vir jou gelieg vanoggend."

"Wat?"

"Dis nie Carlos nie."

"Nou wie is dit dan?

"Dis ék wat in die moeilikheid is."

"Geldelike probleme?" vra hy baie nuuskierig "Jy weet ek sal jou help."

"Dankie," antwoord sy vinnig. Sy het nou besef wat sy met hierdie hele swangerskap gaan doen, want sy wil nie die kind hê nie!

"'n Paar ekstra skofte is al wat ek wil hê, Johno."

"Natuurlik Zani, jy weet jy en Alta is my beste kelners. Ek gee altyd vir julle ekstra skofte. Dubbelskofte?"

Sy let nie regtig op na wat hy sê nie en staar by die venster uit. Hy vererg hom vir haar en praat hard. "Zani! *Heila rê!* Luister jy nie? Hoe wil jy ekstra skofte hê as jy my nie eers ordentlik kan antwoord nie? Hoe gaan jy dan werk? Zani, wat is dit?"

"Niks! Ek het net aan iets gedink. Jammer. As ek hierdie hele week dubbelskofte kan werk sal ek dit vreeslik waardeer, maar nie vanaand nie, ek het klaar planne," antwoord sy vinnig en skuif haar stoel uit om op te staan. "Dankie Johno, my skof is nou klaar, kan ek maar gaan?"

"*Ya sas*!"

"Ag Johno! Jy weet ek verstaan nie Grieks nie."

Hy lag. "Ek sê totsiens!"

Sy kry 'n glimlag op haar gesig. "*Ya sas*?" antwoord sy onseker terug.

"Ja." Hy lag nog harder.

"Dankie Johno, sien môre!"

Sy loop in die arkade van die winkelsentrum op soek na 'n restaurantjie waar sy kan sit en 'n glasie wyn drink. En vir Carlos kan bel. Hy het haar vanoggend gebel en 'n paar voorstelle gemaak. Sy weet nou wat om te doen. Sy stap by 'n klein restaurant in, loop na 'n tafel en bestel 'n glasie wyn.

"Carlos? Zani, hoe gaan dit?"

"*Okay*, en jy my *darling*?"

"Goed. Ek het tot 'n besluit gekom. Jy kan maar 'n afspraak maak vir iewers in volgende week."

"Is jy seker?"

"Ek sou jou nie gebel het as ek nie seker was nie. Maak die afspraak."

Die volgende dag stap sy na Johno se kantoor, klop aan die deur en skuif dit terselfdertyd oop.

"Môre."

Hy groet haar in Grieks: "*Kaleemera*."

Zani kyk hom weer deurmekaar aan. Hy sien sy is nie lus vir speletjies nie en antwoord vinnig, voor sy kan vra: "Dit beteken goeie môre."

Sy antwoord nie, knik net haar kop. "Luister, ek moet so ses dubbelskofte werk. Ek het 'n doktersafspraak volgende Donderdag."

"Is jy dan siek?" vra hy baie belangstellend.

"Ek verkies om nie daaroor te praat nie, asseblief." Voor hy iets kan sê, sê sy vinnig: "Ek sal vir jou 'n doktersbrief bring."

Die deur gaan oop en Alta stap in. "Klop jy nie?" raas Johno.

"Jammer," sy kyk Zani kwaai aan en sê: "Jy sê jy moet óór Carlos kom, maar jy laat hom toe om vir jou te kom kuier, en dit nog by die werk ook? Zani, jy bring jou eie hartseer!"

Zani skuif verby Alta en loop uit sonder om te groet.

"Wat maak jy hier?" vra Zani ongeduldig aan Carlos.

"Ek het net vir jou kom sê jou doktersafspraak is Donderdag."

"Ja, ek weet! Jy het my dan vanoggend gebel en so gesê," sê sy kwaai, vererg haar amper.

"Ek wou net sê ek sal jou vat, as jy wil?"

Sy het nog nie eers daaraan gedink nie, sy het nie 'n motor nie. Hoe sou sy daar uitgekom het?

Sy vryf hom aan sy skouer.

"Dankie."

"*Ey, ey, ey! Shorty loves you all!*" skreeu Chantell met haar hande in die lug terwyl sy in die arkade voor die restaurant loop. Sy is 'n verskriklike spontane mens. Johno gee nie om dat sy so rumoer voor sy restaurant maak nie, sy vrolik altyd die klante op met haar spontane gedrag. Sy sien vir Zani en loop na haar toe. Hulle is beste vriendinne.

"Hallo vriendin," groet sy Zani met 'n drukkie. "Werk jy alweer 'n dubbel?"

"Ja, ek moet nou-nou met ete gaan, is jy lus om saam met my te gaan?" vra Zani. Eintlik het sy nou net 'n vriendin in haar lewe nodig.

"Natuurlik!"

Zani wys na die kas waar die kelners hulle handsakke en truie bêre. "Ek kry net gou my goed."

Hulle stap by 'n ander eetplek in. Zani kom nie baie hier nie. Die ligte is te donker gestel, dit is vir haar 'n baie donker plek. "Waar wil jy sit?" vra Zani vir Chantell toe sy sien sy loop net sinneloos rond. Haar bynaam is *Shorty* omdat sy so kort is.

Chantell draai om, kyk Zani aan en trek vir haar gesig. "Ek wag dat jy moet kies!" lag sy.

Zani is nie nou lus vir Chantell se lawwe grappe nie. "Man, ons sit sommer hier." Sy kies die eerste en beste tafel. Sy is die hele dag op haar voete, sy wil nie nog as sy op ete is ook rondstaan nie. Zani bestel vir haar en Chantell koffie en tik met haar vingers geïrriteerd op die tafel. Chantell sien dit. "Wat is fout?"

"Niks," antwoord sy vinnig, sy is nie nou lus vir 'n kruisverhoor nie.

"Vertel dit vir iemand wat jou sal glo, want ek doen nie."

Zani sien sy gaan nie wen nie. Chantell is haar beste vriendin, sy kan net so wel vir haar sê.

"Ek is swanger," sê sy met 'n sug.

"O vrek!" is al wat Chantell kan uitkry.

"Ek gaan volgende week vir 'n aborsie."

Chantell spring van die tafel af op en gooi haar hande in die lug. "Is jy mal? Jy kan dit nie doen nie. Wat sê jou ouers?"

"Hulle weet nie!"

"Nou sê hulle!" Chantell gaan sit weer en vat 'n slukkie van haar koffie. "Ek kan seker nie vir jou sê wat jy moet doen nie, maar wat jy doen is nie reg nie! Weet Carlos? Is dit Carlos se kind?"

"Ja, Carlos weet, en nee, dis nie sy kind nie." Zani begin nou ongemaklik voel. Chantell vat dit heeltemal anders as wat sy verwag het. Chantell onderbreek haar gedagtes. "Ek is jou vriendin, en dis vriendinne se plig om mekaar te keer as hulle sien die ander vriendin gaan aanjaag, en my skat, jy is nou besig om aan te jaag. Asseblief, dink mooi hieroor!"

Zani vererg haar vir Chantell "Dis nie jou lewe nie, dis nie jou besluit nie!" praat sy terwyl sy opspring "Ek sien nie nou kans vir 'n kind nie. Glad nie, nie nou nie, nooit nie!" Sy draai om, gooi haar geld vir die koffie op die tafel en stap terug werk toe.

"*What?*" skreeu Johno terwyl hy die telefoon stywer vas hou.

"Ja, en nou wil sy gaan vir 'n aborsie."

"Dit verduidelik die doktersafspraak."

"Kyk, Zani kry 'n oorval as sy weet ek het jou gesê. Sy het my ook eers netnou vertel. Asseblief, moenie vir haar sê ek het jou vertel nie."

"Nee, ek sal nie. Dankie dat jy gebel het. Sy werk môre weer 'n dubbelskof, dan sal ek met haar praat. Bly jy net vanaand weg by die restaurant, hoor jy?" sê Johno streng.

"Ja, ja!" sê Chantell vinnig en sit die telefoon neer. Sy weet haar en Zani se vriendskap is dalk nou tot niet, maar sy gee nie om nie. Sy kan nie toelaat dat Zani die fout van haar lewe maak nie, maar miskien het sy nou te vinnig opgetree. Zani is reg, dis nie haar lewe nie, dis nie haar besluit nie. Miskien moet sy haar maar net ondersteun. Dit sal vir die beste wees.

"In my kantoor asseblief," sê Johno toe Zani by die restaurant instap. Sy lyk verbaas.

"Hoekom? Ek is nie laat nie, inteendeel, ek is 'n halfuur vroeg." As hulle 'n dubbelskof werk, kan hulle so twee ure later inkom, gou-gou iets eet en dan begin werk.

"Ek sê, in my kantoor!" sê hy in so 'n kwaai stemtoon dat Zani skrik en sy opdrag uitvoer. Sy stap onmiddellik die kantoor binne.

"Sit!" hoor sy agter haar. Sy gaan sit.

"Watter doktersafspraak het jy Donderdag?" vra hy, baie streng.

"Ag sommer net…"

"… 'n *check-up*?" val hy haar in die rede.

"Johno, dis persoonlik…"

"Jy is swanger en jy gaan vir 'n aborsie," val hy haar weer in die rede. "Ek weet. Chantell het my vertel," sê hy uiteindelik.

"Dankie, Chantell!" sê sy terwyl sy na die dak kyk.

Johno loop na Zani toe, vat aan haar ken en draai haar gesig na sy kant toe.

"Moenie kwaad wees vir Chantell nie, sy probeer help. Ek glo sy sal jou ondersteun, wat ook al jy doen. Sy is baie lief vir jou, dis hoekom sy my gebel het."

Zani vat Johno se hand weg. "Ek gaan dieselfde vir jou sê as wat ek ek vir Chantell gesê het: dis my lewe, dis my besluit!" Sy staan van haar stoel af op en storm die kantoor uit.

Die volgende aand ná werk besluit 'n paar kelners hulle gaan 'n drankie drink by 'n ander restaurant en Zani is ook genooi. Daar gekom, is Chantell ook daar. Sy kom na Zani toe aangeloop.

"Hallo, vriendin."

Zani knik net.

"Ek is jammer ek het vir Johno gesê."

"Kap my kop af, sê dan jammer, en kyk of hy gaan terugkom!" sy draai om en bestel vir haar 'n *cider*. Chantell sit die geld op die toonbank neer. "Ek sal betaal. Kan ek vir jou 'n tequila koop?"

Zani begin lag. "Moenie so hard probeer om vrede te maak nie, jy lyk simpel, maar ja, dankie, 'n tequila sal lekker wees."

Almal is al lekker aan die kuier. Chantell het intussen met iemand anders gaan sit en gesels nadat sy en Zani karaoke gesing het, en hulle gate uit geniet het. Sy kom weer terug na Zani waar sy met 'n ander vrou staan en gesels.

"Sal jy ons gou verskoon asseblief?" maak sy 'n aankondiging en praat verder toe die ander vrou geloop het.

"Vriendin, ek is bietjie gekuier en jy is bietjie gekuier. Maar ek is lief vir jou nè!"

Zani gryp Chantell en gee haar 'n stywe drukkie. "Ek is lief vir jou ook, vriendin!"

Chantell se hand kom tot voor Zani se maag en voor sy kan dink is haar hand op Zani se maag en sy sê: "*My baby, my beautiful baby!*"

Zani klap haar hand weg en lag, "Moenie laf wees nie. Ek het altyd gesê as ek 'n kind kry, sal hy in 'n gesin grootword. Ek wil nie vir my kind vertel ek weet nie waar sy pa is nie."

Chantell se bruin oë is stip op Zani gerig en sy besluit sy gaan eerder niks sê nie, hulle het darem nou al vrede gemaak. Dis al wat tel.

"Nog een dag, dan is dit dié dag!" dink sy toe sy Woensdag in die arkade loop op pad werk toe. Alles sal verander vir die beste. Alles sal goed uitwerk, verseker sy haarself.

Die dag is vinnig klaar en sy is op ete voor haar tweede skof begin. Sy gaan sit by die restaurant waar sy en Chantell daardie dag gesit het. Sy bestel haar gewone koffie en lees koerant. Alles om haar voel so beknop en sy is moeg vir almal wat in haar lewe inmeng. Kan almal nie net besef dis haar lewe, haar besluite en haar net uitlos nie? Is dit so moeilik? Sy is moeg om vir almal altyd alles te verduidelik, sy wil hê die aarde moet haar insluk en haar op 'n ander plek uitspoeg. Môre is alles

verby. Van môre af is dit die begin van 'n nuwe lewe vir haar. Dit is vir altyd verby en alles daarna sal net goed wees. Sy sal daarvoor sorg! Haar gedagtes word onderbreek deur die gelui van haar selfoon.

"Hallo?"

"*Hi* jy! Wil net herinner dat dit môre Donderdag is. Is jy nog *okay* met die hele ding, my *darling*?"

"Ek wens dit was al verby!" antwoord sy met ergernis in haar stem. "Ek kan niemand meer in die oë kyk nie, ek wil hê dit moet nou verby en klaar kom!"

"*Okay*, *okay,* ek vra net. Ek sal jou môre halfagt kom optel, ons moet nog die plek soek en jou afspraak is nege uur. Ek het die vroegste gevat, want dan kan ons daarna ontbyt iewers gaan eet, reg so?"

"Ja, dis goed. Dit sal lekker wees, dankie."

Daar is 'n rukkie stilte, dan praat hy weer. "Het jy al die geld?"

"Ja, ek het dit Saterdag al gemaak. Met die ekstra geld wat ek gemaak het met die res van die skofte, sal ek die ontbyt koop en vir die branstof sorg," sê sy.

"Nee, dis nie nodig vir die brandstof nie. Kry jy net die ontbyt."

Hy groet haar en lui af.

Zani kyk na haar horlosie. Dis amper tyd om terug te gaan werk toe. Sy betaal die rekening en stap stadig terug. Sy kan nie wag vir môre nie. Eintlik het sy nie regtig lus om te werk vanaand nie, want sy gaan nie haar vriendelike, spontane self wees nie, en sy weet dis gewoonlik hoekom sy sulke goeie fooitjies maak. Vanaand is sy dood binne, sy gaan nie eers 'n kwart van die geld maak wat sy gewoonlik maak nie. Diep binne hoop sy dis stil, sodat sy vroeg huis toe kan gaan. Sy het darem vanoggend die geld gemaak wat sy wou maak met die hele dubbelskof, een van haar gereelde klante het vanoggend kom vergadering hou, haar 'n lekker groot fooitjie gegee. Sy het nie eintlik nodig om vanaand te werk nie, maar sy gaan Johno nie in die steek laat nie. Sy het hom gesmeek vir die skofte. Dit sal vinnig gaan. Dié aand sal vinnig verby gaan.

HOOFSTUK 2

Terwyl sy wag dat haar badwater intap, skakel sy die ketel aan. Sy gaan 'n lekker beker koffie drink terwyl sy bad, dis nog vroeg. Carlos gaan eers oor 'n uur hier wees. Sy gooi baie skuim in en klim in die bad, terwyl haar koffie op 'n tafeltjie staan. Sy rus haar nek op die kant van die bad, dink aan die liedjie van gisteraand. Sy kan nie onthou of sy gehuil het nie. Het sy?

Sy staan voor die woonstelgebou toe Carlos haar kom oplaai. Hy maak die deur vir haar oop en sy klim in. Hy loop terug na sy kant. Zani sit haar sonbril op.

"Hoe voel jy?" vra hy toe hy sien sy gaan niks sê nie.

"Met my hande, dankie. Ek wens net almal wil ophou om my op te piep. Ek is groot genoeg om na myself te kyk."

Hy sê niks, lig net sy hande op bokant die stuurwiel om te wys hy is jammer. Dit voel soos 'n ewigheid voor hulle voor die groot wit gebou stilhou. Hulle klim uit. Sy klou haar handsakkie styf vas. Hulle stap tot voor die ontvangsdame. Carlos doen die praatwerk. "Afspraak vir Zani Calitz."

"Seker," sê die vroutjie, blaai deur die dagboek en beduie hulle om te sit.

Terwyl hulle op die rusbank sit, praat Carlos weer.

"Ek gaan nie saam met jou in nie, dis nie my plek nie."

Sy knik net.

Nóú is sy op haar senuwees. Sy glo sy doen die regte ding. Sy weet dit. Dit maak nie regtig saak wat ander mense dink nie. Dis háár besluit en sy weet dis die regte een. Sy sal nooit vir die kind kan gee wat sy moet nie. Sy wil nie na grashalms gryp elke keer as die kind vir haar

vra waar sy pa is nie. Hoe kan sy ooit die kind in die oë kyk as sy nie wil hê hy moet weet wie sy pa is nie? Sy en die pa was in elk geval nie in 'n liefdesverhouding betrokke nie, dit was net een aand van passie en baie drank – van hulle altwee se kant. Sy wil nie eendag vir haar kind sê: "Dis omdat jou ma 'n dronk slet was dat jy in die lewe is nie."

Nee, dis die regte besluit wat sy neem. Dit ís die regte besluit.

"Calitz?" sê 'n blondekop vrou voor haar.

"Ja," sê Zani bewerig.

"Loop saam met my."

Op pad terug is dit stil in die motor. Dis weer Carlos wat die praatwerk doen.

"Waar wil jy gaan ontbyt eet?"

"Sommer maar by Johno se plek. Ek wil hom in elk geval vertel dat ek vir so twee dae by die huis moet bly, om te rus en my pille te drink."

"Weet hy?" vra Carlos vinnig.

Zani sug.

"Ja, Chantell het hom vertel."

Carlos sê niks. Hy wil nie iets sê nie, want hy weet Zani sal net Chantell se kant vat. Hy het nog nooit van haar gehou nie. Sy is te voor op die wa, maar hy kan nie Zani se vriende vir haar kies nie.

Hulle draai in by die winkelsentrum se parkeerarea. Hy parkeer toevallig langs Johno se motor.

Hulle gaan sit by tafel nege en dertig en vra vir spyskaarte. Hulle bestel hulle gewone ontbyt en elkeen bestel 'n *cider*. "Kan ek vir jou 'n tequila bestel?" vra hy toe die kelner die *ciders* neer sit.

"Hoekom nie?" antwoord sy.

Nadat hulle die tequila gedrink het, soek sy die doktersbrief in haar handsak. Sy gaan nie self na Johno toe nie, sy sal dit sommer vir die kelner gee as hulle loop, want sy is nie nou lus vir sy gepreek nie. Sy wil net huis toe gaan, haar pille drink en slaap. Sy wil verkieslik eers wakker word wanneer sy weer moet gaan werk. Sy gee die brief vir die kelner en sy en Carlos stap na sy motor toe.

"Dankie!" sê sy toe sy die deur oopmaak om uit te klim nadat hulle voor haar woonstelblok stilhou. Sy hoop tannie Beatrice is in haar woonstel en pla haar nie vandag nie, want die hemel weet, sy is nie lus vir die tannie se gekla nie.

"Ek kom saam," antwoord Carlos toe sy amper uit die motor is.

"Vir wat?"

"Ek wil sien hoe jy jou pille drink, en ek gaan jou elke dag bel om te hoor of jy hulle wel gedrink het. Die dokter het dit vir jou gegee sodat jy nie infeksie optel nie."

Zani vererg haar. "Ek is nie 'n kind nie, Carlos! Ek kan na myself kyk."

"Dis nie waaroor dit gaan nie. Die dokter het gesê jy mag na die tyd aan depressie ly en dan vergeet jy om jou pille te drink," sê hy besorgd.

Zani skud net haar kop en loop hysbak toe. Ja! En daar staan sy! Ag hemel! Het die ou vrou dan niks om te doen nie? Moet sy altyd die mense in die omgewing irriteer?

"Hallo Zani!" groet tannie Beatrice, baie opgewonde om haar jong buurvrou te sien.

Zani waai net en gaan vinnig by die hysbak in om die tannie te ontwyk. Carlos is kort op haar hakke.

"Sies, jy is darem maar baie lelik. Die ou tannie was net vriendelik," sê hy toe die hysbakdeur toegaan.

"Ek is nie vandag lus vir haar nie, ek wil net my pille drink en slaap," sê sy, moeg.

Hulle staan voor haar deur en sy sluit oop. Twee dae tevore was sy nog swanger, nou is sy nie meer nie. Sy voel asof 'n berg van haar skouers af is. Hulle loop in, sy sit haar handsak op die kombuiskassie neer en kry vir haar 'n glas water sodat sy haar pilletjies kan drink. Een witte, een geel een. Sy sluk dit vinnig af sonder om te blik of te bloos. "So ja? Tevrede? Nou kan jy maar gaan."

Zani kan nie glo sy is so kortaf met die man wat vyf jaar gelede haar hart gesteel het, en dit langs die snelweg uitgegooi het sodat motors daaroor kan ry nie. Sy weet sy het hom lief, maar sy weet ook Yvonne is die enigste vrou in sy lewe op hierdie stadium. Sy wat Zani is kan maar doen wat sy wil, maar sy sal nooit die vrou in sy lewe wees nie. Yvonne is te mooi. Sy is pragtig. Sy sal nooit in daardie vrou se skoene kan staan nie, al probeer sy hoe hard. Hy glimlag vir haar toe hy by die deur uitstap. Sy sluit die deur agter hom en loop slaapkamer toe. Oormôre sal sy Johno se gepreek maar verduur, maar vir nou gaan sy net slaap. Slaap en Slaap.

Zani staan by die toonbank en vee sout-en-peper potjies af. Hierdie twee dae het nogal vinnig verloop, al het sy nie die hele tyd geslaap nie. Televisie gekyk, geëet, geslaap, geëet, geslaap en dan… gehuil. Nie oor

die kind wat sy nooit gaan hê nie, maar oor Carlos wat sy nooit kan kry nie. Die liefdeshater wat sy was, was toe nie so Tawwe Tienie as wat sy gedink het nie. Vir wat moet sy gaan staan en verlief raak op iemand wat so buite haar bereik is? Hoekom iemand met sulke mooi oë, wat so mooi gebou is? Wat so vriendelik is met haar? Hoe kom sy oor hom, wat moet sy doen? Die laaste probeerslag het haar net dieper in die pyn laat verval. En sy wil nie meer oor hom huil nie. Sy wil nie! Terwyl sy so ingedagte staan, groet Johno haar.

"En, het jy dit toe gedoen?" vra hy haar nadat sy hom terug gegroet het.

"Ja," antwoord sy vinnig.

Hy kyk haar teleurgesteld aan en dan praat hy verder: "*God sees everything.*"

Hy draai om en loop na sy kantoor toe.

Maande gaan verby en Zani raak weer haar ou spontane self. Haar klante is mal oor haar, sy is vriendelik, sy het baie vriende, sy maak goed geld en haar kollegas is gaande oor haar. Sy weet nou, na al hierdie maande dat sy die regte besluit geneem het. Sy sou nooit al hierdie goed gehad het wat sy nou het nie. Maar sy onthou nog hoe Chantell haar op oujaarsaand gebel het. "*Did you do it, my friend?*"

"Ja."

"Ek sal altyd jou vriendin bly, maak nie saak wat jy doen nie." Hoe sy vir die eerste keer in haar lewe op oujaarsaand en nuwejaar by die huis bly. En dat haar vriende haar bel want hulle mis haar, sy wat Zani is, met die groot mond! Dis hoekom sy en Chantell sulke goeie vriende is: lag altyd, praat altyd baie hard dat die hele wêreld hulle moet hoor en hulle mis haar vanaand.

Sien, sy het sulke goeie vriende, en binnekort is al hierdie dinge vergete!

"Tafel vir twee?" vra sy toe sy iemand by die deur sien staan.

"Dankie," antwoord die klant. Zani loop met die spyskaarte voor die paartjie om hulle hulle tafel aan te wys. Die man staan vir 'n oomblik stil en kyk na al die klanktoerusting. "Is daar *live entertainment* vanaand?" vra hy en sommer in dieselfde asem vra hy onverskoning omdat hy sy Afrikaans en Engels meng.

"Ja, Meneer. Dis 'n ou wat Jazz sing en hy is fantasties!" roep sy sommer uit. Stanley moet haar begin betaal vir haar bemarking!

"Nou vra julle nie ekstra nie? Toegang of so?"

"Nee, Meneer. Ons vra niks."

Hy skuif sy vrou se stoel uit en hulle gaan sit.

Die restaurant raak nou vol. Die mengeldrankies is op 'n spesiale aanbod vanaand en al wat 'n kelner is dra mengeldrankies aan vir hulle klante. Die vertoning begin en die mense is mal oor Stanley. Die musiek is fantasties en die klank net reg, nie te hard nie, nie te sag nie. Zani wieg heen en weer as sy 'n mooi liedjie hoor, en met party sing sy saam terwyl sy drafstap na haar tafels. Die mense klap vir haar hande omdat sy so spontaan en vriendelik is. Sy en Stanley kan nie regtig agterkom van wie hulle die meeste hou nie, van haar of van hom?

Daar is 'n groot partytjie aan die gang. Van die mense staan van hulle tafels af op en begin dans. Groot jolyt! Skielik maak Stanley die mense stil. Almal gaan sit en wag dat hy weer moet praat.

"Vir die mense wat nie weet nie, dit is Zani Calitz,"

Hy wys na Zani. "Ek het besluit sy gaan een liedjie saam met my opvoer." Hy draai om en haal 'n hoed uit. "Sy gaan nie sing nie, maar wel dans." Hy oorhandig dan die hoed aan haar en die inleiding begin. Zani herken dadelik die liedjie en begin wieg en dans. Die hoed haal sy speels van haar kop af, swaai dit rond en sit dit dan weer op. Elke keer met die woorde: *"You can leave your hat on..."*

Sy het lanklaas soveel pret gehad. Dit was Stanley se laaste liedjie. Hy groet die mense en begin oppak. Zani is ook in die kantoor om al haar tafels wat sy bedien het se geld vir Johno te gee.

"En?" vra hy baie nuuskierig. "Hoe het jy gedoen vanaand?" Hy kyk na Zani terwyl sy haar fooitjies tel.

"Genoeg om vir my 'n paar bottles tequila te koop en om nie een keer volgende week te kom werk nie!" lag sy.

Johno wuif sy vingers in die lug. "Jy beter kom werk! Ek dank jou af!" sê hy met 'n speels kwaai stemtoon.

Sy lag net en groet, kry 'n taxi en kom by haar woonstel aan. Terwyl sy die voordeur oopsluit, begin sy na Carlos verlang. Sy stap in, reguit yskas toe en gooi vir haar 'n glasie wyn in, sit die radio aan en gaan sit op die rusbank. Dan begin haar gedagtes na Carlos beweeg. Sy begin met haarself praat, so asof Carlos voor haar staan en dit moet hoor. "Hemel, ek wens net hierdie gevoelens wil doodloop, ek wens dit wil weggaan! Ek weet tog jy voel nie dieselfde nie . Ek wil bid dat jy en Yvonne weer bymekaar uitkom, want ek voel jou seer saam met jou! Julle is intussen uitmekaar. Sy het besluit dis beter om die verhouding 'n

blaaskans te gee, en al die tyd wat ek en jy saam spandeer maak dit nie enigsins makliker om oor jou te kom nie. Ek wil hê jy moet gelukkig wees. Dis vir my onverstaanbaar dat sy so wonderlike man soos jy seermaak! Hoe kan enigiemand iemand soos jý seer maak? Jy verdien dit nie, nie in die minste nie! Carlos, ek wens net ek kan totsiens aan gister sê, totsiens aan jou. Sonder om terug te kyk, maar dis so onsettend moeilik om oor jou te kom, jy verstáán nie! Ek wens ek kon die vriendin vir jou wees, soos die vriend wat jy vir my is. Ek wens jou al die geluk wat jy kan hanteer vorentoe, en as ek ongelukkig moet wees, dan is dit maar so."

Nadat sy 'n hele bottel wyn op haar eie klaargemaak het, begin die moegheid haar oorval, en sy gaan kruip in. Môre werk sy weer.

By die werk verloop alles vlot, almal spog oor hoe oulik sy die vorige aand was en sy glimlag van oor tot oor. Alles is perfek, haar lewe is perfek! Sý is perfek!

Johno kom befoeterd by die toonbank aangestorm. "Ek wil net vir al die kelners sê, die wat laat vir 'n skof aankom, sal afgedank word. Om julle te beboet werk nie, julle betaal nie! Tebogo was veronderstel om 'n uur terug hier te wees!" Hy kyk na die swart meisie wat in trane staan agter Zani. Hy draai om en loop uit.

Tebogo staan nog steeds en huil en Zani draai na haar. "Toemaar, ek sal met Johno praat."

"Ek gaan my werk verloor."

"Ek sal met hom gaan praat, ontspan," sê Zani dan weer.

Zani kom by sy kantoor ingestorm. "Is dit vir jou lekker om mense na trane te dryf?"

Johno spring op, stap na die deur en klap dit toe. "Luister, jý is nie die baas nie, jý sal nie vir my vertel hoe om die restaurant te bestuur nie! Verstaan ons mekaar?"

"Kan jy ten minste 'n hart hê?"

Zani draai om en loop na die deur, maar voor sy kan uitloop praat Johno weer. "Goed. Ons sal vandag oorsien, maar ek sal 'n kennisgewing op die bord sit en dit verduidelik, en enigiemand wat ná die kennisgewing laat kom, het nie 'n verskoning nie."

Zani kyk nie vir Johno nie en kry 'n glimlag op haar gesig. Sy hou daarvan om haar sin te kry. Sy draai haar gesig na Johno en knik, om te sê sy verstaan.

Sy loop terug na Tebogo en kom voor die huilende meisie te staan.

"Hou maar op huil, dis vergete. Jy is veilig, dis uitgesorteer."

Weereens glimlag Zani toe al die kelners haar prys en haar vertel hoe wonderlik sy is. Die volgende oomblik is Johno daar om die kennisgewing op die bord te plak. Zani is veeslik ingenome met haarself. "Ditsem!" sê sy in haar gedagtes.

Dis Vrydag. Die week het vinnig tot 'n einde gekom. Zani is opgewonde, maar eintlik ook nie regtig nie, want sy werk die Saterdag. Belowe om uit te help. Sy is nie regtig lus om te werk nie, maar sy kan nie vir Johno in die steek laat nie. Sy werk nooit op Saterdae nie. Sy gaan kuier altyd op Vrydae en Saterdae is sy te moeg en te geïrriteerd om te werk. Maar sy sal dit rustig vat die naweek. Sal haar lewer goed doen.

Sy loop uit die restaurant om bietjie vars lug te skep toe haar foon lui. "Dis Carlos!" skreeu dit van binne.

"Ja, skattie," antwoord sy opgewonde

"*Hi*, ek wou net weet of jy 'n drankie wil gaan drink vanaand?" vra hy dan onomwonde.

Vandag het tog eintlik goed geeïndig, sy en Carlos gaan vanaand uit. Dis die beste, en die beste-beste kom nog!

"Ja, dit sal lekker wees, ek gaan oor so vyftien minute huis toe, kry jou oor 'n uur en 'n half?"

"Ja, dis reg."

Hy en Yvonne het seker weer baklei, dis al hoekom hy haar deesdae bel om haar te sien. Nie dat sy omgee nie, solank sy hom sien is die saak reg. Sy weet sy moet oor hom kom, maar sy wil nie! Sy weet hoe meer sy hom sien hoe moeiliker raak dit, maar sy gee nie om nie, sy sal al haar trane op hom uitstort as dit moet. Hy is dit werd! Sy wens net sy kon vir Carlos gee wat sy kan of dat sy kan kry wat sy wou hê! Maar dit maak nie regtig saak nie. Sy sien hom vanaand.

"Carlos moes al hier gewees het," dink sy terwyl sy na haar horlosie kyk. Verkeer hou hom seker op. Sy draai om na die sitkamer om hom te gaan bel. Terwyl sy na haar telefoon loop, is daar 'n klop aan die deur, en dan net 'n deur wat oopgestoot word.

"Ek is hier!" lag Carlos.

Zani kan hoor hy is al 'n hele paar drankies voor, 'n hele paar! Sy gee nie om nie.

"Ons kan ry as jy reg is," praat hy weer.

Hulle ry. Hy stop by 'n plek waar hulle nog nooit gekuier het nie. Dis donker binne, met net 'n paar liggies wat skyn. Hy loop kroeg toe, sy gaan soek solank vir hulle 'n tafel. Na 'n rukkie is hy terug met 'n skinkbord vol drankies. Zani vergeet van die wêreld om haar, sy geniet sy geselskap, en sy kuier lekker. Sy is besig om die tyd van haar lewe te hê! Na die soveelste tequila leun hy vooroor en begin haar soen. Sy soen laat haar maag draai. Sy was lanklaas só lekker gesoen. Sy liedjie speel en hy los haar net so by die tafel om te gaan dans. Sy agtervolg hom en hulle kom al trippelend by die dansvloer aan. 'n Tweede liedjie volg, dan 'n derde.

Die aand kom tot 'n einde en nog 'n wilde soen volg toe hy haar by haar woonstel aflaai. Sy trippel met die trappe op, wag nie eers vir die hysbak nie.

Sy skrik wakker. "O vrek, ek het verslaap!" Dis half agt in die oggend, sy moes nou begin werk het. Sy spring vinnig in die bad, maak reg en bel 'n taxi. Sy loer in haar beursie en sien sy het net genoeg geld vir die taxi. Sy het hopeloos te veel gekuier gistraand! Sy skud haar kop vir haarself en stap na die taxi, klim in en ry werk toe. By die werk kyk sy weer op haar horlosie, dis half nege. Sy is 'n hele uur laat. Johno sit en eet ontbyt by tafel ses en dertig. Sy loop na hom toe en maak 'n grappie toe sy vir hom sê: "*I'm probably fired?*"

Hy staar haar aan sonder om 'n woord te sê, knik net.

Zani staan vir 'n oomblik stil en staar hom terug aan. Hoe kan hy? Dis dan die eerste keer dat sy laat is. Sy is altyd eerste op haar pos, sy doen haar werk goed. Hy onderbreek haar gedagtes: "Jy weet waar die foon is as jy 'n oproep wil maak."

"Dankie," is al wat sy uitkry

Hemel, dink sy. Ek gebruik my laaste geld vir 'n taxi om tot by die werk te kom, net om afgedank te word! Hoe simpel!

Een oproep, en sy bel vir Carlos.

"Dink net! Zani Calitz, afgedank!" lag sy ure later toe sy en Carlos by 'n restaurant is en sy weer met 'n paar tequilas voor haar sit.

"Dis ernstig!" sê hy gemaak-kwaad.

"Ag man, ek is 'n *waitress,* ek kry vinnig ander werk. Ek sal Maandag by hierdie ander restaurant gaan vra, ek ken die een ou wat daar werk. Hy sal my vinnig inkry."

Hy verander die onderwerp: "Zani, oor gisteraand, dit moes nie gebeur het nie. Ek moes jou nie soen nie. Ek is jammer."

Sy voel hoe haar hart ineenkrimp. Hy praat verder. "Ek het 'n hele paar drankies agter die blad gehad, jy kan maar sê ek was dronk."

Nog steeds sê sy niks en hy praat weer: "Ek gaan jou nou by die huis aflaai. Jy kan my Maandag bel om te sê hoe het dit afgeloop by die restaurant." Hy betaal die rekening en hulle is daar uit. Daar word ook nie veel gesê terwyl hulle ry nie. 'n Kortaf groet word aan haar gegee toe hy voor haar woonstelblok stilhou. Sy knik ook net toe sy uitklim.

By die woonstel, oudergewoonte as sy instap, gooi sy vir haar 'n glasie wyn in en gaan dan rusbank toe. Dan gaan haar gedagtes weer op hol: "Vandag het ek die betekenis van ware liefde leer ken. Daar is liefde, dit bestaan wel. Maar aan die wat dit toelaat in hulle lewe. Het ek dit regtig in my lewe nodig? Ek wil nie verlief raak nie, want sodra dit gebeur, verander alles. Leef jou drome, kom aangesig tot aangesig met jou vrese. Wees wat jy wil wees! Maak seker jy is gelukkig, want as jy dit nie gaan doen nie, gaan niemand nie. Die ware betekenis van liefde: moenie te lief raak vir iemand nie, want sodra jy dít doen, kry jy net seer. Slaap alleen, in 'n dubbelbed, in die middel van die bed." Hoe het haar een vriendin se pa eendag gesê? "*There is no love, only lust...*"